Hoe om 'n boekie met die Voortrekkerkode in te maak

'n Klein boekie met groot impak. Dra dit in jou hemp se sak, naby jou hart.
Graad: 4 tot 7 | **Onderwerp:** Die Voortrekkerkode

Stappe

1. Druk die kleurbladsy, **Voortrekkerboekie** (DVD), vir elke spanlid uit.
2. Vou die bladsy dubbel op die gemerkte middellyn. Sny ekstra papier onderaan bladsy soos gemerk af.
3. Vou jou bladsy weer oop, sny die bladsy op die stippellyn oop. MOENIE deurknip nie. Vou weer dubbel.
4. Vou elke klein "bladsy" waar gemerk. Konsertina-vou die boekie.

Wenke

1. Vou mooi op die lyne, die boekie kan maklik skeeftrek.

Waarskuwing

1. Wees versigtig waar jy knip, anders werk die voue nie uit nie.